

Studente Regsdienste

1 Wat is 'n oortreding?

Volgens die statuut van die Noordwes-Universiteit, paragraaf 72:

- (1) 'n Student wie se optrede tot nadeel van die goeie naam, orde, dissipline of werkverrigting van die Universiteit of enige deel van die Universiteit, waaronder enige ampsdraer, ondersteuner, personeel of student daarvan, strek of kan strek, is aan 'n oortreding skuldig en kan deur die raad of 'n ander toepaslike tugliggaam bedoel in paragraaf 81 daarvoor getug word.
- (2) Onerlike akademiese gedrag en optrede deur 'n student waardeur 'n ander persoon of groep persone op enige wyse onbillik geteister of vyandig of gewelddadig behandel word, is ernstige oortredings.
- (3) Die oortreding van enige bepaling van hierdie Statuut, of die Reëls van die Universiteit of die bepalings van die grondwet of toepaslike reëls van 'n liggaam binne die Universiteit, of van 'n statutêre of gemeenregtelike regsreël kan 'n oortreding uitmaak soos in subparagraaf (1) hierbo bedoel.

2 Wat is 'n eksamenootreding?

Volgens die Statuut en die Eksamenreëls van die Noordwes-Universiteit is dit 'n oortreding om enige **ongemagtigde item in jou besit te hê** (ongemagtigde items is enigiets wat nie in die eksamen toegelaat word nie – volgens die eksamenregulasies). Hierdie onderskeid is baie belangrik, want dit beteken dat dit nie net oor die fisiese daad van oneerlikheid in die eksamen gaan of „afskryf” van 'n stuk papier, liniaal, sakrekenaar, hande of ander liggaamsdele, ens. nie. Die oortreding is dat jy iets in jou besit het wat nie deur die eksamenreëls toegelaat word nie, **ongegag of dit per ongeluk of doelbewus in jou besit is**.

3 Pligte van die toesighouers:

Die toesighouer is verplig om enige en alle oortredings van die reëls van die Noordwes-Universiteit aan die Studente Dissiplinêre Kantoor **te rapporteer**. Selfs al mag dit na 'n nietige of minder belangrike saak lyk, word dit steeds van hulle verwag.

4 Ek is aangemeld – wat gebeur nou?

Die Studente Dissiplinêre Kantoor ontvang die klag van die Eksamenafdeling en bepaal dan eerstens of daar genoeg bewyse is om met die klag voort te gaan. Die klag en jou eksamenboek sal van die Eksamenafdeling gestuur word en in veilige bewaring gehou word totdat die saak opgelos is.

Nie genoeg bewyse nie: sou die Studente Dissiplinêre Kantoor besluit daar is nie genoeg bewyse om met die klag voort te gaan nie, word jou eksamenboek teruggestuur na die Fakulteit om nagesien te word en die punte sal so gou moontlik beskikbaar gestel word.

Genoegsame bewyse: indien daar egter genoeg bewyse is om voort te gaan, sal jy 'n inligtingsbrief en 'n klagstaat ontvang. Hierdie dokumente bevat al die inligting wat jy nodig het rakende die oortreding, die klag teen jou sowel as jou regte en verdere vereiste optrede.

5 Die klagstaat:

Die klagstaat sal per geregistreerde pos gestuur word en, as ons jou selfoonnommer het, sal jy 'n “sms” ontvang wat die opsporingnommer verstrek. Die klagstaat sal jou die geleentheid bied om op die klag teen jou te pleit, aan te dui of jy die verhoor gaan bywoon en of jy 'n tolk vir die verhoor benodig. Jy kan ons ook voorsien van 'n verklaring – jou weergawe van wat gebeur het en waarom dit gebeur het. Dit is van uiterste belang dat jy weet dat ons, nadat die klagstaat uitgestuur is, binne vyf dae aanvaar dat jy dit ontvang het, en dat die proses kan voortgaan. Dit is dus ook baie belangrik dat jy kontak maak met die Studente Dissiplinêre Kantoor indien daar 'n eksamenongerymdheid was en jy geen dokumentasie ontvang het nie.

6 Die verhoor:

'n Studente- Dissiplinêre Verhoor is 'n informele dissiplinêre prosedure waarvolgens die Dissiplinêre Komitee beoog om vas te stel wat presies gebeur het sowel as wat gedoen moet word, indien 'n oortreding inderdaad plaasgevind het. Die Komitee sal jou lei en deur die proses stuur – **onthou, dit is nie 'n kriminele hof nie!** Ons bewyslas is minder as in 'n kriminele hof en is gebaseer op die siviele bewyslas, nl. 'n oorwig van waarskynlikhede – wat beteken dat as twee mense (jy en die toesighouer) elk 'n weergawe van die gebeure het, watter van die twee weergawes die waarskynlikste in 'n redelike wêreld sou wees.

7 Ek is skuldig bevind, wat kan met my gebeur?

As jy in die ongelukkige posisie is om skuldig bevind te word van 'n eksamenoortreding of wangedrag, kan die volgende lys sanksies in jou individuele saak toegepas word: (verkort)

- (1) uitsetting uit die Universiteit;
- (2) skorsing uit die Universiteit 'n sekere tydperk lank;
- (3) permanente skorsing uit die koshuis, of weiering van toegang tot enige of alle geboue, terrein of dienste van die Universiteit of toelating slegs onder sekere omstandighede;
- (4) skorsing van klasbywoning 'n sekere tyd lank, of geheel en of net met betrekking tot spesifieke modules;
- (5) weiering van toelating tot enige eksamens of toetsgeleenthede, wat verbeuring van enige punte reeds behaal en die kansellasië van enige vak of kursus-eenheid insluit;
- (6) oplegging van 'n boete, wat nie 'n bedrag gelyk aan die betaalbare gelde deur die studente vir die spesifieke jaar, mag oorskry nie;
- (7) weiering van hertoelating tot die Universiteit vir 'n spesifieke tydperk of permanent;
- (8) weiering van spesifieke voorregte as 'n student, met of sonder voorwaardes;
- (9) oplegging van enige ander straf, kombinasie van strawwe of opgeskorte strawwe wat, uit die oogpunt van onderrig en in ooreenstemming met die institusionele kultuur van die Universiteit, redelik en regverdig in die omstandighede is; of
- (10) 'n ernstige vermaning en waarskuwing.

Enige oortreding van die eksamenreëls en paragraaf 72 van die Statuut van die Noordwes-Universiteit is 'n ernstige saak.

Jy kan uit die Universiteit geskors word en alles waarvoor jy gewerk het, sal tevergeefs wees, of as jy 'n finalejaar is, mag dit beteken dat jy moet herregistreer vir nog 'n jaar as jy 0% vir 'n module kry, met al die finansiële implikasies. **Dit is nie die moeite werd nie!** Die Dissiplinêre Komitee het as hoofdoel om te verseker dat reg geskied en nie om bloot as 'n vervolgingsgesag „ontslae te raak" van studente nie. Maar dit in ag genome, is die Noordwes-Universiteit 'n instelling vir hoër onderwys, en het as sodanig 'n mandaat om die bes moontlike diens/onderwys aan sy kliënte (jy, die student) te voorsien. Dit sluit in die versekering van onderrig van hoë gehalte; teen dat alle grade, diplomas en sertifikate wat deur die Universiteit toegeken word, sonder enige twyfel aan studente wat hulle slaagsyfer eerlik verwerf het, toegeken word.

Die Universiteit beskou alle oortredings in 'n baie ernstige lig en sal streng sanksies oplê vir studente wat nie gehoor gee hieraan nie.